# VELDWERKKASKENADES

**C.M. Engelbrecht**

Museumpersoneel doen ongewone werk en daarom beland hulle ook dikwels in ongewone situasies ... soms snaaks en soms net ongemaklik.


Een van die versameltegnieke wat ons algemeen toepas, is om putvalle in die grond te stel en dan so 'n bietjie formalien en gliserien daarin te gooi om die kruipende gediertes wat daarin val te preserveer. Wanneer ons na 'n paar dae weer terugkom, maak ons hulle net weer bymekaar ... en siedaar — nuwe verspreidingsrekords en nuwe spesies alles vir die prys van een.

Gedurende so 'n rit na Suidwes-Afrika het ons toe ook vroegoggend plek-plek langs die pad gestop en elkeen het koers gekies. Die een skep 'n bietjie grond, die ander vang 'n gog en die ander een stel 'n putval onder 'n lae bos waar geen ding dit kan bykom nie. En so gaan ons voort, min wetende dat ons met arendsoë dopgehou word.

Met die terugtog, tien dae later, terwyl ons al die skatte bymekaarmaak, wag daar toe by die spesifieke versamelpunt 'n verrassing op ons, want ons putval is net nie daar nie. Terwyl party van ons probeer vasstel of dit nie dalk onder 'n ander bos gestel is nie, het die res van die geselskap gou weer die omgewing deurgekyk of daar nie dalk iets roer wat op rekord kan kom nie en dit neem weer foto's van al wat roer. Dit moes seker baie verdag gelyk het!!

Toe ons later besef dat die val definitief weg is, vertrek ons maar weer.

Op die dorp aangekom, voel dit bepaald ons is net betyds vir die basaar ... en ons is die eregaste. Mens kry al die gevoel die mense verwag ons mos. Al die voertuie mag aanry ... maar die rooi kombi van die Nasionale Museum moet afdraai, en die manne staan nader. Die bevelvoerder het seker 'n "verrassing" onder daardie sak in sy hand wat hy so na ons wys. En die ander manne, ook elk met 'n "arsenaal" in die hand, is vreeslik nuuskierig oor die inhoud van die kombi, of is dit die model, want dit loer in en om en onder die kombi in ... hulle snuffel ons amper so deur as wat ou "Waaksaam" van Jan Spies-faam die leeugraspolletjies deurgesnuif het, hulle wil as't



ware 'n terrie daar uitsnuif. En dis blikke, dromme, dose, vanghokke en wie weet wat nog daar binne die onheilsnes.

"Toe, toe, toe!!! waarmee is julle besig?" sê die groot sterk een. Hy is ooglopend in beheer van die kongregasie. "Moenie my tyd mors nie, julle weet goed waarvan ek praat. Wat se goed begrawe julle in die boere se veld?"

Ai-ja-jaai-ja-jaai.

Mens sien al die vreugde, die sug na die groot oorwinning, die meriete, die prestasiebeloning, die bevordering, die eer, die koerante. **Teeninsurgensie het weer eens geseëvier vanweë die flink optrede van die plaaslike veiligheidsdiens.** Die bose indringers is vasgekeer.


Die blitsige boer het daardie eerste oggend die "boosdoeners" gesien en onmiddellik gerapporteer van die verdagte goed wat langs die pad geplant is. Die plaaslike veiligheidsmanne het die bak seker uit die grond ge-"leopardcrawl" en die plaaslike apteker kon, met 'n frons tussen die oë, net nie die bose doepa identifiseer nie. Dit ruik soos die een en voel soos die ander. Hierdie manne moes beslis persoonlik deur Fidel Castro opgelei gewees het. Vir tien dae was die plaaslike burgerlike beskerming 24 uur per dag op die

uitkyk vir die rooi kombi, totdat hulle waaksame oë hom uiteindelik opgespoor en hulle hom die dorp per radio inbegelei het. "Ons is nou by die 20km-paal en hulle beweeg steeds in 'n oostelike rigting — oor"

Dan kom die skielike besef, en tref die waarheid soos 'n blits in die nag!!

"Julle vang akkedisse en goggas???!!!"

Nee dit was te veel vir die tweede in bevel wat ooglopend rooioogmoeg van die week se sonder slaap was. Hy probeer toe maar die volgende een ...




"Wie het julle die reg gegee om in my veldgoed te begrawe??!!!!" Maar hoe kon ons in sy veld gewees het as ons nie eens deur die draad gekruip het nie en as ons nie in sy veld was nie, waarom dan nou die hele byeenkoms? Wat ek nog altyd graag wil weet ... sê die 100 mm-hoë letters, **Nasionale Museum, Bloemfontein,** dan regtig niks nie.

"Case dismissed." Ons het nie eens ons putval teruggekry nie.

Ken ons veldwerkmanne, wat soms net nie anders kan nie as om so 'n bietjie deur die draad te kruip, nie daardie aaklige geluid van 'n boer met sy bakkie wat by die opstal wegtrek teen 10 000 o.p.m. nie en wat klink of hy net 'n "ekstra-low" het. Jy hoor net opgeskopte klippe teen die onderkant van die bakkie vasslaan. 'n Man leer darem baie gou om so horisontaal soos 'n boemerang tussen daardie middelste twee doringdrade deur te gly sonder dat jou hare eers deurmekaar raak of dat jou ore bo die gras uitsteek ... en dit alles vir die wetenskap.

Terloops, weet julle hoe verleë voel 'n mens as jy langs die pad tussen die lang gras op jou hurke sit en grondmonsters skep en almal toet vir jou.

Gelukkig, hierdie is die onvoorsiene, terloopse ontmoetings, amper soos wanneer 'n mens skielik van aangesig tot aangesig voor 'n leeu in sy gebied staan. Wanneer ons normaalweg die eienaars gaan ontmoet dan word jy meesal met ope arms ontvang en doen hulle vir jou soveel moeite dat jy naderhand skoon skaam voel. Baie dankie vir daardie vriendelikheid en begrip. Dit is net soms ... dan kan mens nie eers gaan vra voordat jy deurkruip nie, want in dié geweste sien jy geen huis so vêr as die horison nie, wat staan nog 'n mens om voor toestemming te vra, ... en as jy hom nog kry, dan sê hy net "nee die baas bly op die dorp". Dis dan dat jy begin om Russiese roulette tussen jou bakkie, die boer en die bul in die kamp te speel.